Publication: Die Burger Binneland
Title: Meer moorde inBaai gepleeg
AVE: 12304.4
Page: 7
Publish Date: 11 July 2022
Author: Malherbe Nienaber

Meer moorde in Baai gepleeg

Malherbe Nienaber

Nelson Mandelabaai het in die boekjaar van 2020-'21 veel minder moorde as Kaapstad aangemeld, maar met sy moordkoers per 100 000 lede van die bevolking staan hy bo 'n paar ander stede uit.

In dié boekjaar is 3 074 moorde in Kaapstad aangemeld en 865 in Nelson Mandelabaai.

Dit is 71 moorde per 100 000 in Nelson Mandelabaai en 67 per 100 000 in Kaapstad, luidens die "State of Urban Safety"-verslag vir 2021 wat die South African Cities Network uitgereik het.

In die verslag word spesifiek gefokus op veiligheid en misdaad in Suid-Afrika se grootste stede en agt metro's.

Nog twee stede se moordkoers per 100 000 is hoër as die nasionale gemiddelde van 33,5, naamlik eThekwini (47) en Buffalo City (42).

In Johannesburg is die moordkoers 27 per 100 000, in Tshwane 18 en in Ekurhuleni en Mangaung 26.

Luidens die verslag is die helfte van al die moorde in die land in die agt metro's en Msunduzi (Pietermaritzburg) aangemeld. Hier woon 43% van die land se bevolking.

Van 2005-'06 tot 2020-'21 het die moordkoers in Mangaung (33%), Tshwane (32%), Buffalo City (29%), Ekurhuleni (28%), eThekwini (25%) en Johannesburg (24%) afgeneem.

Dit het egter toegeneem in Kaapstad (17%) en Nelson Mandelabaai (16%).

Luidens die verslag het die toename in moorde hier reeds vroeër begin.

In 2020-'21 het die moordkoers toegeneem in Nelson Mandelabaai (4%) .

Die moordkoers in Suid-Afrika is sedert "minstens die 1970's" bo 29 per 100 000 en baie hoog volgens internasionale standaarde, lui die verslag.